DEEL 117 | WEEK 7 | 14 FEBRUARIE 2025 | R5

HEILBRON HERALD

Geniet jou Valentynsdag !



# NGWATHE: GELDSAKE VERSWAK STEEDS

Opposisie-raadslede in Ngwathe sê hulle was teleurgesteld maar nie verbaas oor die finansiële ellende waarin Ngwathe munisipaliteit hom tans bevind nie.
Skoksyfers blyk uit die jongste ouditverslag vanaf die Ouditeur-generaal (OG). Die verslag vorm deel van die munisipale Jaarverslag. Dis verlede maandeinde volgens wet deur burgemeester Victoria de Beer aan die Raad ter tafel gelê.
"Ons weet lankal Ngwathe se finansies is beroerd, want ons waarsku daaroor, week na week," sê DA-raadslid Arnold Schoonwinkel, DA-segsman oor Ngwathe se munisipale finansies. "Maar die Ouditeur-generaal bevind sake bly ellendig en het die afgelope vyf jaar verder verswak." Hy sê die OG kon nie anders as om vanjaar weer 'n 'gekwalifiseerde opinie met bevindings' aan Ngwathe toe te ken nie. Dis een van sy minder vleiende toekennings. "Dit dui op wydverspreide wanbestuur en ook finansiële onreëlmatighede," sê Raadslid Schoonwinkel.
Soos tevore, het die jongste OG-verslag weer ontstellende geldelike vermorsing ontbloot. "Dit sluit in verdagte en onbeholpe voorraadaankope, onvolledige rekords, swak beplanning en beheer, foutiewe (of geen) fakture aan inwoners, verwaarlosing van bates, vrugtelose of vermorste besteding, en swak prosedures vir foutebeheer."
Daar was vrugtelose en vermorste uitgawes van R94 miljoen, en onreëlmatige uitgawes van R50 miljoen (waarvan R37.8m bestee is sonder mededingende aanbiedings). Daar is 'n verhoogde kontant tekort van R62 miljoen teen opsigte van aanstaande jaar se R1.1 miljard begroting.
"Kommerwekkend is ook uitgestelde eise van R18,8 miljoen teen Ngwathe," sê Schoonwinkel. Krediteure word nie binne 30 dae (soos wetlik voorgeskryf) betaal nie, maar nou gemiddeld eers na 'n verstommende 1 265 dae. Ngwathe samel maar omtrent 50% van sy faktuurinkomste in (teenoor 'n nasionale teiken van 95%, 'n teiken wat Kaapstad en ander DA-beheerde munisipaliteite konsekwent behaal).
"Die OG-verslag toon opnuut 'n finansiële krisis in Ngwathe bestaan lank, en word erger," sê Schoonwinkel. Een rede is dat goedgekwalifiseerde persone dikwels nie in sleutelposte aangestel word nie. " 'n Ander is dat die politieke wil om wanbetalers en kragdiewe vas te vat baie duidelik ontbreek."
Hy sê die DA veg lank reeds vir dringende stappe om foute reg te stel:
• Voer die finansiële omkeerplan dringend uit, monitor dit voortdurend, en brei dit uit of pas dit aan waar nodig. Hierdie is nou ook die aanbeveling van die OG.
• Pas streng finansiële beheer toe om ongemagtigde, onreëlmatige en vrugtelose uitgawes te verhoed.
• Skors amptenare wat by korrupte aktiwiteite betrek word, en kla alle verdagtes onmiddellik aan
• Stel slegs behoorlik gekwalifiseerde amptenare aan, en maak 'n einde aan politieke inmenging en kaderaanstellings.
• Verfyn die stelsels om rekeninge uit te stuur en agterstallige skuld in te vorder.
• Verseker dat krag-, water- en afvaldienste koste-effektief en bestendig gelewer word.
Die volledige munisipale jaarverslag verskyn tans op Ngwathe se munisipale webtuiste. Dis ook ter insae in alle munisipale kantore en openbare biblioteke. Inwoners word nou ingelig oor die plekke en tye vir openbare besprekings daaroor. DA-raadslede Robert Ferendale en Joseph Mbele, albei van Heilbron, nooi inwoners om dit by te woon. "Kom vra u vrae, en stel u standpunt."










# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum:

## *Week 2:*

Valentynsdag is hier en vandag is die tyd om vir jou geliefde te wys dat jy hom of haar waardeer en as mens raak sien.

In die vorige week se Heilbron Herald was die fokus op die verskillende fases waarin 'n paartjie beweeg. Van die skoenlappers verliefde fase, tot die olifant in die kamer verbondsfase. As jy voel dat jou verhouding met jou geliefde moeilik is en jy weet nie hoe om daaraan te werk nie, is die nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum vir jou die week van waarde.

Jy het dalk al gehoor van die term – liefde taal. Nou wonder jy kan liefde 'n taal wees? Gewoonlik word liefde gesien as 'n werkwoord. Iets wat jy net voel en doen. Soos ons almal weet is liefde gekompliseerd en daar is baie verbindtenisse aan hierde ses letter woord. Nou gaan die denke opkom, maar ek wys dan baie keer vir my geliefde ek gee om, maar dit word soms net nie raak gesien nie. Dit kan wees dat jy vir die persoon in jou eie liefdestaal wys hy of sy is geliefd, maar dit is nie hul liefdestaal nie. 'n Voorbeeld kan wees: “As hy vir my lief was, sou hy iets gedoen het om my te help. As hy van die werk af kom, kyk hy TV en ek moet die kos en skottelgoed was. Hy help my nooit in die huis nie. Ek is siek vir sy woorde dat hy lief is vir my. Woorde beteken niks nie. As hy rerig lief is vir my, sou hy iets gedoen het. Ek doen alles vir hom en hy doen niks vir my nie.”

Moenie moedeloos raak nie. Daar is hoop om hierdie misverstande uit die weg te ruim. Die eerste stap gaan wees om jou eie liefdestaal te ontdek en ook om jou geliefde se liefdestaal te ontdek. Soos ons al besef is dit baie belangrik om aan jou verhouding te werk omdat die verbond van saamwees teenwoordig is. So kom ons kyk na die verskillende liefdestale en wat dit behels:

**1. Fisieke aanraking**

Fisiese aanraking is 'n taal wat alle ma’s met hulle babas ‘praat’. Dis vreemd wanneer 'n ma nooit haar baba optel of druk en soen nie. Dis iets wat alle mense amper instinktief doen wanneer hulle met babas of klein kindertjies te doen het.

Maar al is fisiese aanraking iets wat in sommige gevalle amper instinktief is, beteken dit nie alle mense se primêre liefdestaal is fisiese aanraking nie. 'n Mens moet dus mooi oplet en seker maak jou geliefde se taal is wel fisiese aanraking.

En weereens is daar baie maniere waarop 'n mens hierdie taal kan ‘praat’. Jy kan, as dit gepas is, 'n druk of 'n soen gee. 'n Hand op die been of arm, die skouer of die rug is ook 'n manier om iemand aan te raak.

**2. Kwaliteit tyd**

Om kwaliteit tyd met iemand te spandeer beteken dat jy jou onverdeelde aandag aan daardie persoon gee. Dis deesdae maar moeilik vir mense om hulle onverdeelde aandag aan iets of iemand te gee, want daar is soveel dinge wat ons aandag aftrek. Maar as jy iemand in jou lewe het wie se primêre liefdestaal kwaliteit tyd is, onthou dan dat sy geliefd voel wanneer jy tyd met haar spandeer en jou aandag aan haar gee. Net soos met opbouende woorde, is daar sommer 'n hele klomp maniere waarom jy kwaliteit tyd met iemand kan spandeer.

Jy kan, in plaas daarvan om in die aand televisie te kyk, jou man uitvra oor sy dag by die werk. Of julle kan sommer net sit en gesels oor dinge wat vir julle belangrik is. Of wat van 'n laatmiddagstappie, terwyl julle mekaar vertel van alles wat deur die dag gebeur het. Wat jy saam met die ander persoon doen is nie regtig die belangrike deel nie. Dis die aandag en die tyd wat saam spandeer word wat belangrik is. Om kwaliteit tyd saam met iemand te spandeer, beteken dat jy iets van jouself vir daardie persoon gee.

**3. Geskenke**

Die gee van geskenke is wêreldwyd 'n manier om vir iemand te sê, “Ek dink aan jou.” En mense waardeer gewoonlik 'n geskenk.

Maar vir diegene wie se primêre liefdestaal die gee van geskenke is, beteken dit soveel meer. Hulle hoor nie net, “Ek dink aan jou” nie, maar voel geliefd wanneer hulle 'n geskenk ontvang. 'n Geskenk hoef nie duur te wees nie. Dit kan iets so eenvoudig soos 'n notaboekie en 'n pen wees.

Dit gaan weereens nie oor die waarde van die geskenk nie, maar oor die feit dat die ontvanger weet jy het aan hom gedink toe jy dit gekoop het. As die gee van geskenke sy primêre liefdestaal is, sal hy geliefd voel wanneer jy dit geskenk gee.

**4. Diensbaarheid**

Daar is 'n Engelse uitdrukking wat só lui: “Actions speak louder than words”. Hierdie uitdrukking is baie waar, veral wanneer dade van diensbaarheid jou primêre liefdestaal is. 'Jy sien, iemand wat hierdie liefdestaal ‘praat’ voel geliefd wanneer ander haar help met take of wanneer ander iets vir haar doen om haar te dien. Net soos in die geval van die ander tale waaroor ons reeds gepraat het, is daar baie maniere waarop 'n mens hierdie taal kan ‘praat’ om iemand geliefd te laat voel.

Jy kan die huis help skoonmaak, die skottelgoed was of vanaand die kos maak. Of jy kan die kinders rondry na hulle verskillende aktiwiteite, die hond bad, die gras sny of die kamer, wat sy al lankal geverf wil hê, verf. Daar is letterlik 'n oneindige lang lys van dinge wat jy kan doen om iemand te help en te dien, en haar so geliefd laat voel. Onthou, vir die persoon wie se liefdestaal dade van diensbaarheid is, gaan woorde maar ‘leeg’ wees as daar nie dade by die woorde gevoeg word nie.




**5. Opbouende woorde**

Iemand wie se primêre liefdestaal opbouende woorde is, voel geliefd wanneer hy gekomplimeteer word of wanneer hy goedkeuring ontvang.

Wanneer jy iemand wil opbou met woorde, kan jy fokus op sy gedrag, persoonlikheid of op sy voorkoms. Jy kan die woorde vir hom sê of dit in ‘n boodskap neerskryf. As jy musikaal is, kan jy selfs vir hom ‘n liedjie skryf en vir hom sing! Daar is duisende maniere om woorde te gebruik om iemand op te bou. Eenvoudige komplimente is een so ‘n manier. En om dankie te sê vir iets wat die persoon gedoen het, is 'n ander manier.

**Dink aan dinge soos:**

• Jou hare lyk pragtig.

• Die werk wat jy met die projek gedoen het, was uitstekend.

• Dankie dat jy die skottelgoed gewas het.

• Ek waardeer dit dat jy die snippermandjie leeggemaak het.

• Ek is trots op jou omdat jy …. (iets wat die persoon gedoen het).

• Dankie vir al jou harde werk elke dag.

Is daar iemand in jou lewe wat floreer op opbouende woorde? Dink dan elke dag aan iets wat jy vir hom kan sê om hom met jou woorde op te bou.

Om jou en jou geliefde se liefdestale te ontdek is nie so gekompliseerd soos wat ons dink nie. Hou die volgende Heilbron Herald dop vir maniere om die liefdestale te ontdek.

***(Verwerk uit: Vyf tale van die liefde deur Gary Chapman)***

# UIT DIE PEN: Week 7

Kara is in haar middel veertigs en mamma van twee tieners. Sy is die afgelope vier maande my kollega. Sy is 'n enkelmamma, loop glad nie daarmee te koop nie. Wanneer ek vra, sê sy dat dit haar superkrag is: sy het twee kinders, sy kyk mooi na hulle, hulle maak haar trots. Sy gebruik dit nooit as 'n verskoning nie.

Ek het die afgelope drie weke die vreemdste e-posse ontvang waarin die skrywer iemand emosioneel afpers. Wel, dalk nie in soveel woorde nie, maar dit kom op dieselfde neer.

Die e-pos sal as volg wees:

“Goeiemiddag, ABC

Ek wil graag hoor of julle my gratis kan help met XYZ. Ek is 'n arme enkelmamma en ek sukkel. Ek is ook besig om van my tweede man te skei en sy ouers skuld my geld. Ek het 'n jaar gelede 'n bakkie gekoop, maar die remme werk nie. Dit sal my R10 000 kos om dit reg te maak. Dan moet ek dit deur die toets sit en die lisensiegeld betaal. Kan julle asseblief vir my 'n uitsondering maak. Onthou, ek is 'n arm enkelmamma.”

By die eerste aanhoor van “enkelmamma” het my ou moederhart al teen die beoogde prikkels geskop. Ek wens Kara kan hulle 'n paar lesse gee.

Ek wonder gereeld: wat is die ergste: Die persoon wat 'n arme enkelmamma is, of iemand (soos ek) wat nie kinders het nie, maar wat so graag wou kinders hê? Ek loop glad nie te koop met stellings soos: “Ek is 'n arme vrou wat nooit kon kinders hê nie. Ek wil graag afslag hê op items 1, 2 en 3. Ek het verlede jaar 'n huis gekoop en die dak lek. Ek moet eers die lek herstel, en daarna kan ek julle weer betaal. Ek weet dat julle dienste nie essensieël is nie, en dat dit my keuse was om by julle aan sluit. Maar ek dink nogtans dit is julle verantwoordelikheid om my te help.”

Hier is 'n beter een.

“My kind het julle toetse geskryf en nie geslaag nie. My kind is in sak en as. Ek eis dat julle weer vir haar 'n toets moet gee. Of beter nog, gaan maak eers julle brouwerk reg. My kind is op *suicide watch* en dit is julle skuld. Wat gaan julle hieraan doen?”

Daar is 'n paar foute in bogenoemde e-pos.

Dit was jou keuse om ons toetse te skryf. As jy die ouer is, moes jy ook toegesien het dat jou kind ten volle voorbereid was. Jy eis wat? Jy eis by ons dat ons jou moet help?

Insinueer jy dat ons verkeerd gemerk het? Jy is baie welkom om ons verslae te lees. Jy kan ook kom kyk presies hòe ons merk.

En dit is my skuld dat jou kind op *suicide watch* is? Hoe kom jy daarby uit?

Hoe bedoel mevrou met: Wat gaan julle hieraan doen? Ek weet regtig nie. Maar waar was jy, Ma-van-die-jaar?

Klink harteloos, maar na die twintigste e-pos wat jou uitskel vir alles wat sleg is, raak mens so effens dik van vel.

Of hoe klink hierdie een:

“Ek gaan vir almal op sosiale media vertel hoe sleg julle maatskappy eintlik is, want my kind het nie sy toets deurgekom nie. En julle wou nie hê dat hy sy handboek moes saamvat toetslokaal toe nie. Hy was nie eers toegelaat om sy telefoon in te bring na die toetslokaal toe nie. Hoe anders moet hy my dan kontak?”

Sin-vir-sin: Almal het deesdae sosiale media. Almal maak plasings van plekke waar hulle goeie of slegte diens gekry het. Maar nie almal gee die volledige prentjie nie. Ongelukkig is die deursnee leser effens lui vir navorsing doen. Daarom sal hulle eerste sosiale media lees, van die pos hou, en dit dan aanstuur na almal en hulle vrouens.

O, hy mag nie 'n handboek ingeneem het na die toetslokaal toe nie? Dus beteken dit dat hy, tot nou toe, alle toetse met behulp van sy handboek gedoen het. Gou die antwoord naslaan sodat hy goeie punte kon kry, maar wanneer dit by die regte wêreld kom, is ons ongenaakbaar streng. Onregverdig streng.

Dieselfde geld vir 'n selfoon.

Mamma, weet jy dat 99,9% van alle selfooneienaars vanaf hulle *fone* kan *Google*? En met *Google-is-your-friend,* is dit baie maklik om die antwoorde op te spoor. Kom dink gou mooi: wat dink jý is die rede waarom iemand nie sy telefoon tydens 'n toets kan gebruik nie? O, jy weet nie? Toemaar, dan moet jy maar oningelig bly.



Laaste gedagte: hoekom wil jy hê dat jou kind jou moet kontak terwyl hy besig is om toets te skryf? Dis net ongewoon. Maar mamma, ek sal jou laat glo dat jy reg is, maar net vir 'n oomblik.

Die laaste voorbeeld is een wat my vir altyd sal bybly.

“Ek wil weet hoekom julle nie vir my kind sy punte gee as hy nie die toets gekryf het nie?”

Ek staan verslae. Ek reageer met: “Dus het jou kind nie die toets geskryf nie?”

“Nee, hy het nie. Waar is sy punte?”

Ek voel my vel al hoe dikker word.

“Hoe bedoel jy: waar is sy punte?”

“Wel, julle kan tog seker iets daaraan doen sodat hy nie nul kry nie?” Wel, as dit my kind was, wou ek begin, maar bedink my. Punte vir iets wat nie gedoen is nie?

Emosionele manipulasie op sy beste.

*I pack my case, your honour. I pack* en ek trek.

# Lisensie kantore - Heilbron & Petrus Steyn

• *Rose Broodryk*

Soos die publiek weet sukkel Heilbron al twee jaar met hernuwing van bestuurslisensies en toetsing van voertuie. Dit is as gevolg van die feit dat die kantoor geplunder is en alle toerusting gesteel is. Twee jaar se opvolg oproepe ens. het nog niks opgelewer nie. Elke keer is dit 'n storie van die begroting maar daar bly dit en die gebou moet veilig gemaak word alvorens weer toegerus kan word.

Ons is in kennis gestel dat Petrus Steyn ook deurgeloop het. Die probleem is egter dat die publiek wat reeds aansoek gedoen het en hulle bestuurskaarte moet afhaal word weggewys en gesê dat hulle nie gehelp kan word nie. Dit is onaanvaarbaar en ek het dit so deurgegee aan 'n amptenaar van die Departement. Ek het 'n WhatsApp aan die Direkteur Mnr Tlhabanelo deurgestuur en wag vir terugvoering rakende die kwessie.

Ek het ook 'n versoek gerig dat ons telefoonnommers wil hê sodat dit deurgegee kan word aan die publiek alvorens hulle omliggende dorpe toe moet ry, om eers uit te vind of hulle geholpe sal raak.

Indien u reeds enige probleme ondervind het kan u my Rose Broodryk kontak op 082 745 5193 sodat ons dit skriftelik kan deurgee.

Sodra ons kontaknommers bekom sal ons dit deurgee.

Aksie moet nou geneem word want ons sien telefoonoproepe en WhatsApps werk nie.

# Troukoors

Chenique en Luan Beckmann het op 8 Februarie 2025 die knoop deur gehak te Casa Cara Resort & Wedding Venue te Parys. Luan is die seun van Elsabé Beckmann en wyle Herbert Beckmann en Chenique is die dogter van Pieter Kühn en Zelna van Rooyen van Heilbron. Die pasgetroude egpaar vestig hulself in Heilbron.













# Melkskommels vir Valentynsdag

Huppel Trippel het Valentynsdag gevier met melkskommels by Hartklop. Rosa Botes en Ina Slabbert van die Huppel Trippel Bestuur het gesorg dat die om en by 21 lede wat nie kon saamgaan na Hartklop toe nie, hulle melkskommel afgelewer gekry het in hulle kamer. Die ander plus minus 30 lede het heerlik onder die bome gekuier rondom 'n melkskommel of koeldrank'float'. Op 25 Februarie gaan Huis Bron-van-Heil weerklink met almal se sangstemme wanneer ons 'n Sing-A-Long-oggend gaan geniet. Kom sing gerus saam aan 50-ger en 60-ger liedjies waarmee almal grootgeword het. Martie Olivier is weer ons begeleier. Sien jou daar!



*Op die foto voor vl: Quarta Pretorius, Rosa Botes en Lien Wilken. Middel: Ina Slabbert, Isabel Benninck, Rina Smit, Duif Fouché, Alberta Kühn en Sue v/d Westhuizen. Agter: Trish Wales, Hannatjie Bobbert, Annatjie Ciorovich en Sharky Kühn. Heel agter staan Maria Siebert.*






# DJ ontvang sy rooi-seël

*DJ Steyn, 'n oud-leerling van Hoërskool Heilbron, het op 6 Februarie 2025 'n belangrike mylpaal in sy loopbaan bereik toe hy sy rooi-seël as gekwalifiseerde messelaar ontvang het.*
*Hy het sy studies by Bokaroo Opleiding in Orania voltooi, waar hy gespesialiseer het in bou- en siviele konstruksie. Gedurende sy opleiding het hy beide die teoretiese en praktiese aspekte van messelwerk bemeester, wat hom nou 'n erkende vakman in die bedryf maak.*

# Blink uit by Fezile Dabi Well Done-funksie



*Op die foto voor vl: Magdel Haasbroek, Maryna Gouws, Elsabé van der Merwe, Marina van Zyl, Leanrie van Vuuren, Johnny van der Merwe (Skoolhoof). Agter vl: Wessel Pieters, Christo Taggart, Henriëtte Janse van Rensburg en Danie Coetzer.*

Hoërskool Heilbron het weereens hul akademiese uitnemendheid bevestig tydens die Fezile Dabi Well Done-funksie wat op 8 Februarie 2025 by Lehutso Primary in Sasolburg gehou is. Die skool is vereer vir hul uitmuntende prestasies in die 2024 NSS-eksamen en het verskeie toekennings ontvang.

**Van die hoogtepunte sluit in:**

• Een van die Top 5 akademiese skole in Fezile Dabi vir 2024.
• 'n 100% slaagsyfer vir die 28ste agtereenvolgende jaar.
• Motsili Semela, Hoërskool Heilbron se toppresteerder vir 2024, is onder die Top 20 leerders in Fezile Dabi.
• Juffrou Marina van Zyl het die eerste plek in Afrikaans Huistaal in Fezile Dabi behaal.
• Juffrou Elsabe van der Merwe is bekroon as die beste onderwyser in Verbruikerstudies in Fezile Dabi.
• Juffrou Leanrie van Vuuren het die eerste plek in RTT (Rekenaartoepassingstegnologie) in die distrik verower.

Hoërskool Heilbron se skoolhoof en personeel het hul trots uitgespreek oor die prestasies van die leerders en onderwysers. "Hierdie prestasies is die resultaat van harde werk, deursettingsvermoë en 'n verbintenis tot uitnemendheid," het 'n verteenwoordiger van die skool gesê.



*Motsili Semela*

Die funksie was 'n viering van akademiese sukses in die Fezile Dabi-distrik en het skole en opvoeders vereer vir hul toewyding aan kwaliteit onderwys.

# Gratis hondsdolheid inenting te Heilbron, Sandersville en Phiritona

*• Department of Agriculture, Rural Development and Environmental affairs / Veterinary Services*

Hondsdolheid is 'n dodelike siekte vir mens en dier!!!

Die Departement Landbou-Veeartsenydienste hou 'n gratis inentingsveldtog teen hondsdolheid vir alle honde en katte vanaf Dinsdag 18 Februarie tot Donderdag 20 Februarie 2025 in Heilbron. Sandersville en Phiritona,

Om die dodelike siekte te voorkom is gereelde inentings uiters noodsaaklik.

Mense word versoek om hul honde aan 'n leiband en katte in 'n geskikte houer te bring na die punte waar gratis inentings deur die department se personeel toegedien word.

**Die punte waar die veldtog gehou word vanaf 09:00 tot 15:00 is as volg:**

**18 Februarie 2025**
• Munisipale gebou: Heilbron
• Phiritona: H/v Steil- & Sibehostraat

**19 Februarie 2025**
• Sandersville Stadsaal
• Multipurpose Sentrum Phiritona
• Piano Ground/Mpay Sokkerveld

**20 Februarie 2025**
• Phiritona Publieke Biblioteek
• Masikeng Substation/crush
• Naledi Educare Phiritona


JERRIE FOX Chemikalieë

Voorraad Kontroleerder

Jerrie Fox Chemikalieë, verskaffer van landbou chemikalieë in die Noord-Oos Vrystaat het tans 'n betrekking vakant.

**Die suksesvolle kandidaat sal verantwoordelik wees vir:**
• Effektiewe kontrolering van voorraad, oudit en oorplasing van voorraad.
• Finansiële agtergrond.
• Wiskundige agtergrond.
• Rekenaar geletterdheid.
• Goeie menseverhoudings kan handhaaf.
• Stiptelik en netjies wees.
• Geldige rybewys en eie vervoer.
• Ongereelde ure kan werk.
• Moet onder druk kan werk en funksioneer.
**Aansoeke sluit 17 Februarie 2025.**

Navrae: Elize Fox 082 456 1810
elize@jerriefoxchem.co.za


## PUBLIC CONSULTATIVE MEETINGS ON DRAFT ANNUAL REPORT 2023/24

Ngwathe Municipality
The home of harmony, prosperity and growth

IN TERMS OF SECTION 127 (5) OF THE MUNICIPAL FINANCE MANAGEMENT ACT, ACT 56 OF 2003 AND SECTION 21 A OF THE MUNICIPAL SYSTEMS ACT, ACT 32 OF 2000 REQUIRE MUNICIPALITIES TO PUBLICISE THEIR ANNUAL REPORT AND INVITE THE PUBLIC TO MAKE REPRESENTATIONS ON THE REPORT AFTER IT HAS BEEN TABLED IN COUNCIL MEETING

**THE PUBLIC MEETINGS WILL BE HELD AS SCHEDULE BELOW:**

| DATE | TOWN | MEETING | VENUE | TIME |
|---|---|---|---|---|
| 18/02/2025 TUESDAY | VREDEFORT | STAKEHOLDER MEETING | MULTIPURPOSE CENTER | 14H00 |
| | | COMMUNITY MEETING | MULTIPURPOSE CENTER | 16H30 |
| 19/02/2025 WEDNESDAY | KOPPIES | STAKEHOLDER MEETING | KWAKWATSI LIBRARY | 14H00 |
| | | COMMUNITY MEETING | KWAKWATSI COMMUNITY HALL | 16H30 |
| 20/02/2025 THURSDAY | HEILBRON | STAKEHOLDER MEETIN | PHIRITONA LIBRARY | 14H00 |
| | | COMMUNITY MEETING | MULTIPURPOSE CENTER | 16H30 |
| 25/02/2025 TUESDAY | PARYS | STAKEHOLDER MEETING | PARYS SIDE HALL | 12H00 |
| | | COMMUNITY MEETING | PARYS SIDE HALL | 17H00 |
| 26/02/2025 WEDNESDAY | PARYS | STAKEHOLDER MEETING | MOSIPIDI SIDE HALL | 14H00 |
| | | COMMUNITY MEETING | MOSIPIDI SIDE HALL | 16H30 |
| 27/02/2025 THURSADY | PARYS | STAKEHOLDER MEETING | MASTER NAKEDI SPORTS CENTER | 12H00 |
| | | COMMUNITY MEETING | MASTER NAKEDI SPORTS CENTER | 16H30 |
| 04/03/2025 TUESDAY | EDENVILLE | STAKEHOLDER MEETING | EDENVILLE LIBRARY | 14H00 |
| | | COMMUNITY MEETING | NG CHURCH | 16H30 |

COPIES OF THE DRAFT ANNUAL REPORT 2023/24 ARE AVAILABLE ON THE MUNICIPAL WEBSITE, www.ngwathe.fs.gov.za.

For enquiry, please contact:
OFFICE OF THE MUNICIPAL MANAGER

IDP OFFICE
Mr I Mosala
Tel: 056 816 2700
Email: mosalai@ngwathe.co.za
puseletsom@ngwathe.co.za

PMS OFFICE
M Msibi
Tel: 056 816 2700
Email: mosamsibi58@gmail.com

**DR F.P MOTHAMAHA: MUNICIPAL MANAGER**


ULECTRIC SOLAR AND ELECTRICAL

COC'S/ELECTICAL CERTIFICATE OF COMPLIANCE
WIRING & RE-WIRING
OFF-GRID SOLAR INSTALLATIONS
INDOOR/OUTDOOR LIGHTING

ELECTICAL REPAIRS
FAULT FINDING
EQUIPTMENT REPAIR
SOLAR BOREHOLE PUMPS
BACKUP SYSTEMS

Jannie 072 279 9299 WE DO COMMERCIAL AND RESIDENTIAL Ulectric 084 499 9937

# KENNISGEWINGS

## KENNISGEWING VAN TER INSAELEGGING

In die boedel van wyle **WIHANN NAUDE, Identiteitsnommer 951121 5135 08 5,** wie ongetroud was, wat woonagtig was te Vrystraat 40, Distrik Heilbron, Provinsie Vrystaat, wie oorlede is op 05 November 2023,
**boedel nommer 008926/2023.**
Hiermee word kennis gegee dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening by die kantoor van die Meester van die Hooggeregshof in Bloemfontein en by die kantoor van die Landdros in Heilbron, Vrystaat, vir 'n tydperk van 21 dae vanaf datum van publikasie hiervan ter insae sal lê.
**JG POTGIETER & VENNOTE INGELYF**
**BREËSTRAAT 33, POSBUS 199**
**HEILBRON, 9650**
**GEREGISTREERDE OUDITEUR**

VORM JJJ

## VERLORE OF VERNIETIGDE TITELBEWYS

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van Regulasie 68 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van **T2437/1997** gepasseer deur **GERHARDUS LOURENS MULLER, Identiteitsnommer 261202 5022 00 5.** Getroud buite gemeenskap van goedere ten gunste van **MATTHYS HENDRIK MEYER, Identiteitsnommer 560619 5028 08 8,** Getroud buite gemeenskap van goedere ten aansien van sekere **ONDERVERDELING 1 VAN DIE PLAAS ONVERWAG 1013,** gelee in die distrik LINDLEY, Provinsie van VRYSTAAT wat verlore geraak het of vernietig is.
Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes: Vrystaat te Bloemfontein binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.
Gedateer te Reitz op hede die 10de dag van Februarie 2025.
**BLIGNAUT & WESSELS PROKUREURS**
**29 SAREL CILLIERSSTRAAT, REITZ, 9810**
**bligwes07@gmail.com**
**TEL: 058 863 2884 / 5**

VORM JJJ

## VERLORE OF VERNIETIGDE TITELBEWYS

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van Regulasie 68 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van **T5522/2020** gepasseer deur Die Trustees van tyd tot tyd van **RIVERSIDE TRUST, Registrasienommer: IT1105/2008** ten gunste van Die Trustees van tyd tot tyd van **VAN DER WATT FAMILIE TRUST,** Registrasienommer: IT1579/2007 ten aansien van sekere
1. PLAAS SNYMAN'SVLEI 739, DISTRIK REITZ, PROVINSIE VRYSTAAT
2. PLAAS DEELFONTEIN 740, DISTRIK REITZ, PROVINSIE VRYSTAAT
wat verlore geraak het of vernietig is.
Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes: Vrystaat te Bloemfontein binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.
Gedateer te Reitz op hede die 11de dag van Februarie 2025.
**BLIGNAUT & WESSELS PROKUREURS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29, REITZ, 9810**
**bligwes07@gmail.com**
**TEL: 058 863 2884 / 5**


WINKELURE
**Maandae tot Donderdae: 07:30 - 17:00**
**Vrydae: 07:30 - 16:30 | Saterdae: 08:30 - 13:00**
Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:heraldwinkel@heilbron.co.za
Herald Office National


PGS GROENEWALD are looking for Jimmy de-Villiers Smith in the case of Tops Liquior Store and ask to make contact on
064 105 1672

**BIBLIOTEEK OOP**
***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE**
**per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00
(Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***


**VIR ENIGE NUUS EN ADVERTENSIES VIR DIE HEILBRON HERALD**
*Kontak gerus vir Hendie Lötter by*
*071 175 9807 of heraldnuus@heilbron.co.za*


# DIENSTE - DIENSTE


**FOTOSTATE**

Swart / Black

| | | |
|---|---|---|
| A4 | 1 - 50 Bladsye | @ R1-50 |
| | 51+ | @ 80c |
| A3 | 1 - 50 Bladsye | @ R3-00 |
| | 51+ | @ R1-50 |

Volkleur / Colour

| | | |
|---|---|---|
| A4 | 1 - 10 Bladsye | @ R5-00 |
| | 10+ | @ R4-00 |
| A3 | 1 - 10 Bladsye | @ R10-00 |
| | 10+ | @ R8-00 |

Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:
heraldwinkel@heilbron.co.za
Herald Office National



**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com


KENNISGEWING
Spoedwalle sal binnekort rondom Hoërskool Heilbron gegooi word. Enige besware kan binne 14 dae skriftelik by die skoolkantoor ingedien word.
Vir verdere inligting, kontak asseblief Hoërskool Heilbron.
**Navrae: 058 852 3007**

NOTICE
Speed bumps will soon be installed around Hoërskool Heilbron. Any objections must be submitted in writing to the school within 14 days. For further information, please contact Hoërskool Heilbron.
**Enquiries: 058 852 3007**


64 Els straat, Heilbron
Hoek van Els en Oranje Straat
Google: Alpha Dierekliniek en Veedienste
082 557 1661
ontvangs.alphadk@gmail.com
*Alpha* **DIEREKLINIEK & VEEDIENSTE**

**NOU OOP VIR BESIGHEID**

***Dienste sluit in:***
**Produksiediere:**
- Kudde Ondersoeke
- Entings en Ontwurmings
- Dragtighede op Beeste, skape en boerbokke
- Vrugbaarheid van manlike diere
- Mediese konsultasies
- Chirurgie
- Bek van diere
- Bloei van kuddes vir siektes soos Besmette Miskraam / Misgeboorte
- Nadoodse Ondersoeke

**Troeteldiere:**
- Mediese konsultasies
- Chirurgie
- Entings en Ontwurming
- Tandheelkundige prosedures
- 'Scaling and Polishing'
  - Trek van tande
- Huisbesoek

**BESIGHEIDSURE:**
**MAANDAG-VRYDAG:**
07:30 - 13:00 & 14:00 - 17:00
**SATERDAG:**
08:30 - 11:30
**PUBLIEKE VAKANSIEDAE & SONDAG:**
GESLUIT
KONTAK ONS VIR NOODGEVALLE

**Produkte beskikbaar:**
- Ultra Pet honde- en katkos
- Hills honde- en katkos op bestelling
- Troeteldier speelgoed, bederfies en someer
- Produksiedier medikasie
- Produksiedier entstof op bestelling



*YOU THINK IT - WE PRINT IT*
**YOUR ONE STOP BRANDING SPECIALIST**




marketing@heilbron.co.za | 083 495 5512 Heilbron Herald


# SMALLS


**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Sonja Muller**
**081 849 1877**



**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron



DUPNO Trading
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com



**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!


# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: 058 852 3033/4/5 • Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za
(Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za -
(Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za -
(Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**


***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***


**SAME DAY DELIVERY AND COLLECTION BETWEEN HEILBRON AND THE VAAL TRIANGLE FOR ONLY R85**
heilbron@postnet.co.za 058 853 0006 064 988 6078



# HERALD Sport

# OH gee OJ 'n gholfles


*Jannie du Plessis, voorsitter en spankaptein van Frankfort neem die gesogte OH vs OJ trofee in ontvangs van Heilbron se spankaptein John Watson.*

Frankfort se ryderbeker gholfspan is nie 'n span wat op sy tuisbaan sommer geklop word nie. Heilbronners het vol moed afgeslaan maar na die eerste dag se spel het die rooi ligte reeds geflikker met Frankfort wat stewig in die saal gesit het.

Jackie Leonard het soos altyd van voor gelei met oorwinning op beide dae, maar Frankfort se aanslag was te sterk vir die Heilbronners. Die eindtelling 38 punte teen Heilbron se 22.


Kom gerus vanaand na die Valentyn trekking en sosiale aand by die klub. Jou geliefde het dalk net die kans om die trekking te wen. Saterdag word 'n Adam en Eva dag aangebied vir mans en hulle metgeselle. Daar sal ook gewone spel wees.

Lede word ook herinner aan ledegelde wat betaalbaar is voor einde Februarie.

# Dis hoe ons rol tydens Boere-challenge

Donderdagaand het die laaste wedstryd van die Sensako Boere-challenge op 'n hoë noot afgesluit met lekker gees en geselligheid. Vir drie opwindende weke lank het plaaslike Boereverenigings mekaar elke Donderdagaand die stryd aangesê op die rolbalbaan, met ywerige spanne en entoesiastiese toeskouers wat 'n wonderlike atmosfeer geskep het. Dit was nie net 'n kompetisie nie, maar 'n geleentheid waar gemeenskap, geselskap en goeie sportmanskap in volle glorie gepryk het. Die laaste wedstryd was niks minder as 'n klimaks van alles wat hierdie toernooi so besonders gemaak het nie. Alhoewel die dreigende reën amper 'n stokkie voor die laaste rondte gesteek het, het dit uiteindelik nie die sportiewe gees gedemp nie. Die wedstryde kon betyds begin, en die nat bane het selfs 'n paar onverwagse voordele vir sekere spanne ingehou. Die voorsitter van die toernooi het sy opregte dank uitgespreek teenoor al die borge en deelnemers. Hy het beklemtoon dat sulke spanpogings noodsaaklik is om 'n gemeenskapsfasiliteit van hierdie aard in stand te hou. “Dit is danksy ons mense se samewerking en ondersteuning dat ons so 'n suksesvolle reeks kon hê,” het hy gesê. Die Edenvilliers het weg gestap met die eerste prys. Kort op hulle hake in tweede plek was Gottenburg 2 en in derde plek, Crauseskop. Met 'n laaste klink van die glase, is die Sensako Boere-challenge op 'n hoogtepunt afgesluit, en Boere en ondersteuners wag nou vir die volgende uitdaging op die baan.









## Behaal oorwinning teen Rust Ter Vaal

Heilbron se krieketspan het 'n naelbyt-oorwinning van 21 lopies behaal teen Rust Ter Vaal, danksy uitmuntende boulwerk en 'n stewige kolfbeurt.

Stefan Steyn het 'n briljante onoorwonne kolfbeurt van 29 lopies gespeel, wat Heilbron gehelp het om 'n mededingende totaal op die telbord te plaas - 'n telling wat hul boulers met trots verdedig het.

KB Molefe was die ster van die dag met sy uitmuntende draaiboulwerk. Hy het in sy sewe boulbeurte vier paaltjies geneem vir slegs 22 lopies. Molefe het veral beïndruk deur twee kolwers in opeenvolgende aflewerings skitterend te boul, en was op die rand van 'n driekuns toe die derde kolwer ongelukkig die bal net geblok het. Vir sy indrukwekkende vertoning is Molefe as Speler van die Wedstryd aangewys.

Nog 'n hoogtepunt van die wedstryd was Anthony Best se briljante vangskoot, wat 'n deurslaggewende oomblik in die wedstryd was.

Heilbron se volgende wedstryd is hierdie naweek tuis teen Route 66 Eagles. Almal word uitgenooi om te kom ondersteun en saam te braai!


*Op die foto vl: KB Molefe en Jeandré Earle.*

BKB

The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 17 FEBRUARIE 2025**
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

**DINSDAG - 18 FEBRUARIE 2025**
DEVON 2-Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241

ERMELO Aanteelveiling
Kontak David Harris 082 573 7979

HARRISMITH: FERRERO BONSMARA JAARLIKSE AANTEELVEILING
11:00, Grootdraai
Kontak Douw van Wyk 083 458 7353

**WOENSDAG - 19 FEBRUARIE 2025**
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

BULTFONTEIN twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

**DONDERDAG - 20 FEBRUARIE 2025**
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242

TUGELA FERRY Maandelikse veiling
Kontak Enrico Williams 078 937 0923

REITZ: NICO KRIEK & VRIENDE AANTEELVEILING (verskeie rasse)
11:00, Welgeluk
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

**VRYDAG - 21 FEBRUARIE 2025**
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za